

21 Desember 2009
082 457 8935

Dr. J.H. Rossouw
Posbus 12687
Die Boord
7613

Geagte dr. Rossouw,

IPT-behandeling

Ek is een van Dr. Pretorius se pasiënte wat IPT-behandeling vir leukemie (CLL) ontvang.

Dr. Pretorius het die brief wat u aan hom geskryf het, vir my gegee om te lees. Ek het onmiddellik besef dat as hy vir u antwoord, gaan dit sy argument teen u argument wees, wat tot niks gaan lei nie. Daarom het ek aangebied om as een van sy pasiënte, wat buite die argumentveld staan, 'n brief aan u te skryf om my siening as pasiënt aan u oor te dra. Ek hoop dus u aanvaar hierdie brief in goedertrou, om vir u die opinie van 'n derde party te gee – een van die pasiënte wat “misbruik” en “mislei” word.

Ek weet nie of u of een van u dierbares al met kanker gediagnoseer is nie, maar ek kan u verseker dit is 'n uiters traumatiese ondervinding wat ek nie my grootste vyand sal toewens nie.

Vroeër jare, as jy van 'n sterfgeval gehoor het, was dit waarskynlik 'n hartaanval. As jy deesdae van 'n sterfgeval hoor, is dit tien teen een kanker.

Die algemene persepsie van die publiek as jy kanker het, is: hoe lank het jy nog om te lewe? – omdat so baie mense, ten spyte van verskeie konvensionele behandelings wat toegepas word, op die ou end tog maar aan kanker sterf. Met ander woorde chirurgie, radioterapie en chemoterapie wat vandag op kankerpatiënte toegepas word, is in meeste gevalle nie suksesvol nie en lei tot die dood, nà lang tydperke van die onaangenaamste en emosioneel en geestelik afbrekendste newe-effekte wat jou laat voel dat die lewe nie meer die moeite werd is nie en jy emosioneel maar tou opgooi.

Toe ek met leukemie gediagnoseer is, het ek besluit, voordat ek enige behandeling ondergaan, gaan ek eers 'n studie van kanker maak, want ek het gesê, as ek enigszins sonder chemoterapie kan klaarkom, sal ek dit doen om my liggaam wat reeds siek is, teen onmenslike newe-effekte en 'n vernietigde immuunstelsel te beskerm. Sedertdien het ek 8 kankerboeke gelees, waarvan meeste oor alternatiewe behandelings gegaan het. So, ek kan u die versekering gee, dat ek nie sommer ligtelik besluit het om vir die dokter se Saterdagoggend advertensie te val nie, maar ek het die kat goed uit die boom gekyk voordat ek besluit het.

Wat die besluit vir my vreeslik maklik gemaak het, is toe ek 'n vergelyking getref het tussen die haematoloog se chemoterapie-aanbeveling en Dr. Pretorius se IPT (wat ek natuurlik uit my studie van die literatuur kon kontroleer en evalueer). Dit het sò gelyk:

Maatstaf	Chemoterapie	IPT
Tydperk van behandeling:	6 maande, dalk herhaal vir nog 6 maande	12-14 behandelings in 3 maande
Hospitalisasie:	3 dae aan begin om nierskade te voorkom	Geen
Drink van antibiotika:	6 maande lank, dalk herhaal vir 6	Geen

Maatstaf	Chemoterapie	IPT
	maande, om infeksies te voorkom	
Skade aan immuunstelsel:	Beslis, daarom antibiotika	Geen
Neuwe-effekte	Matig	Geen
Vernietig normale selle	Beslis	Feitlik geen
Teiken van behandeling:	Teiken kanker- en gesonde selle	Teiken slegs kankerselle a.g.v metode gebruik
Lewenskwaliteit:	Verswak a.g.v. nuwe-effekte	Min geaffekteer
Geestelik, emosioneel:	Chemo het 'n negatiewe inpak	Feitlik geen negatiewe inpak
Effektiwiteit van behandeling:	Goed a.g.v. hoë chemo dosis	Beter, want teiken kankerselle spesifiek
Chemo dosis:	Vol chemo	1/10de tot 2/10des van vol chemo dosis, vandaar die min nuwe-effekte en min skade aan die immuunstelsel
Koste van behandeling:	R220 000 vir 6 maande, met 'n moontlike herhaling van nog 6 maande	Ongeveer R80 000
Dekking deur Resolution Health mediese skema:	R150 000	Geen

Toe ek egter die IPT-prosedure en die verloop daarvan, met dié van die vol chemoterapie vergelyk het, was die keuse baie maklik en voor die handliggend. En ek dink as u bogenoemde tabel bestudeer, sal u met my saamstem.

Die vraag wat egter by my gebly het, was: Hoe weet ek dit gaan werk?

Omdat ek reeds baie gesondheids- en kankerboeke gelees het, was ek vooraf goed ingelig oor IPT en die fantastiese potensiaal daarvan vir die genesing van verskillende siektes o.a. kanker, hardnekkige infeksies en artritis. Nietemin het ek tog getwyfel omdat die prosedure feitlik onbekend in Suid-Afrika is en ek nie bewus was van praktiese getuienisse in die RSA om die sukses van die prosedure te bevestig nie.

My bevestiging het ek egter uit die literatuur gekry. IPT is nie 'n "nuwe onbewese" behandeling nie. Dit is ongeveer **80 jaar** gelede in Mexiko ontwikkel en sedertdien op duisende pasiënte met groot sukses toegepas. Ongelukkig is dit nie op 'n "aanvaarbare" wetenskaplike wyse ondersoek en met kontroles en ander behandelings vergelyk, soos 'n mens dit graag sou wou sien nie, maar daar is spesifieke redes daarvoor. Sulke studies kos blykbaar miljoene dollar om uit te voer en niemand het die geld, of wil dit beskikbaar stel, om so 'n studie te doen nie. Die rede is eenvoudig – die farmaseutiese geldmag weier om dit te doen, want as hulle dit sou finansier en die resultaat is ten gunste van IPT, gaan hulle 80% van hulle besigheid verloor, omdat IPT slegs 10-20% van die hoeveelheid chemo gebruik. Dit sal vir hulle jaarliks tot biljoene dollar se verliese lei.

Maar IPT is wel deeglik ondersoek en getoets – deur ondervinding, aanpassing en herhaling. Soos 'n mens (wat nie weet nie) sou uitvind as jy 'n klip opgooi, val hy terug aarde toe en as jy dit weer doen, val hy weer grond toe. En as jy dit 'n klompie kere gedoen het, sal jy die gevolgtrekking kan maak: as ek 'n klip in die lug gooi, val hy elke keer terug aarde toe. IPT is deur en deur deur middel van duisende herhalings getoets en gevind dat dit werk en suksesvol is, baie meer doeltreffend as chemo en met geen of baie min nuwe-effekte.

Dit het my gerus gestel en het ek besluit om die behandeling te neem.

Op 14 Augustus 2008 het ek met Dr. Pretorius 'n afspraak gehad oor die sukses van IPT vir B-sel chroniese limfotiese leukemie en binne 10 weke was my wit bloedsel-telling feitlik normaal en dit

sonder enige newe-effekte – ek het nie eers naer geword nie, geen hare het uitgeval nie en ek kon elke dag ‘n positiewe normale lewe lei!

Op aangehegde grafiek kan u sien hoe dat my witbloedseltelling stelselmatig, maar konsekwent afgekom het van 128 tot 15 en my limfosiete van 123 tot 12, en dit na slegs 14 behandelings met IPT!

Ek kan u die versekering gee dat ek nooit bekommerd gevoel het toe my bloedsuiker geleidelik gedaal het nie. Dit was geensins ‘n krisis nie. Ek het nooit die gevoel gekry dat my gesondheid bedreig word nie. Al gewaarwordings was ‘n dronkerige gevoel, effens verhoogde pols, ‘n warm gevoel, ‘n honger gevoel, ‘n bietjie gebrek aan konsentrasie en later sweet – en toe was dit verby.

Die resultate van my behandeling met IPT was uitstekend! In die haematoloog se eie woorde was dit “ongelooflik”.

Dit is net baie tragies dat hierdie prosedure nie in mediese kringe in Suid-Afrika aanvaar en toegepas word nie, terwyl dit soveel potensiaal het, soveel minder newe-effekte het, soveel meer effektief is dat so ‘n lae dosis chemo gebruik kan word, soveel meer lewenskwaliteit vir kankerpasiente bied en ek glo ook meer lewens spaar omdat pasiënte se immuunstelsel nie verder afgebreek word nie. As u iemand wil kwalik neem, neem die mediese Instansie kwalik wat so ‘n belowende tegniek nie behoorlik wil ondersoek en in die praktyk wil toepas nie.

Dit is ook bitter jammer dat mediese fondse nie hierdie prosedure dek nie, want die koste daaraan verbonde is maar ‘n fraksie van dié van ‘n vol chemo-behandeling. Ek hoop dit sal mettertyd aanvaar word.

Mynsinsiens moet Dr. Pretorius al die lof kry wat hom toekom vir sy baanbrekerswerk in SA wat IPT betref en sy vërsiendheid om die potensiaal daarvan raak te sien. Dr. Pretorius doen nie maar net die prosedure wat hy iets van gelees het nie. Hy het deeglike opleiding in die metode ontvang.

Dr. Pretorius gee nuwe hoop aan baie kankerpasiente. Wat my betref is IPT die kankerbehandeling van die toekoms. Dit sal net nog tyd neem om dit gevestig te kry. Ek as pasiënt is een honderd persent tevrede met die behandeling en die resultate daarvan en ek beveel die prosedure wyd en syd aan by alle bekendes wat kanker onderlede het.

Ter opsomming kan ek net sê:

Die prosedure is deur duisende herhalings bewys dat dit werk, al is dit nie die tipe wetenskaplike proewe wat ons graag sou wou sien nie.

Dr. Pretorius maak geen misbruik van enige pasiënt nie en hulle word hoegenaamd nie mislei nie. Per slot van rekening besluit ek as pasiënt oor my eie lewe en behandeling en as ek die verkeerde besluit sou neem, is niemand anders as ekself daarvoor verantwoordelik nie. En dit geld vir enige mediese behandeling en selfs vir enige aspek van my lewe. As ek bereid is om dit te doen, is dit my saak en niemand anders sin nie. Daarom verstaan ek nie hoekom mediese dokters so ‘n ophef van IPT maak nie – ek as pasiënt neem sulke besluite vir my eie lewe – hoekom die dokter blameer wat dit toepas?

Wat Dr. Pretorius doen, is hoegenaamd nie onaanvaarbaar nie – ek is so dankbaar ek het by hom uitgekom. Dis ook nie oneties nie en alles behalwe bedrog.

Ek kan verstaan dat dokters dalk nie hou van die wyse waarop hy die behandeling oor die radio bekendstel nie. Maar aan die anderkant, dis ‘n totaal “nuwe” prosedure in SA wat niemand van weet nie. Hoe op aarde moet die publiek daarvan kennis neem as hy dit nie op een of ander wyse onder die publiek se aandag bring nie?

Dr. Rossouw, dit is vir my duidelik dat u te min inligting oor die prosedure het om Dr. Pretorius daaroor te kritiseer. IPT het wonderlike potensiaal wat nog met baie siektes ontgin moet word.

Daar is twee boeke wat ek baie graag vir u wil aanbeveel om te lees. Die belangrikste een is "Treating Cancer with Insulin Potentiation Therapy" deur Ross A. Hauser en Marion A. Hauser 2002. ISBN 0-9661010-6-5. Kan uit die VSA via Amazon bestel word.

Die ander boek het pas verskyn "Diagnosed with Cancer: What now? Deur Dr. W. Serfontein, Pretoria. Kan by Fortifood bestel word (012 811 0432).

Die eerste boek veral, sal u 'n baie goeie insig in die prosedure en potensiaal van IPT gee.

Ek is oortuig dat as u die boeke gelees het, sal u 'n totaal ander perspektief oor IPT en oor dit wat Dr. Pretorius doen, kry.

Die uwe,

Dr. M.J. Bekker Ph.D (Agric)

